

Subject: Fwd: Kalf HEIM 26-31

From: Barbara Steenkamp <barbarasteenkamp@gmail.com>

Date: 2026/07/24, 09:57

To: Lea Jonker <lea@studbook.co.za>

More Lea

Ek sukkel om hierdie Vers se kalf se geboorte te stuur na Logix via die sisteem. Ekt al uitgereik na Hella om te hoor of daar iets is in Bengufarm wat ek kan doen om dit direk te pos maar ek kry dit nie reg nie?

Sal jy asb hierdie kalf se geboorte registreer want ek kry dit ongelukkig nie self gedoen nie via die sisteem nie.

Moeder	HEIM 23-281 (34mnde)
Multisire	EFC 19-133, HART 20-01, HMB 22-83, HART 23-73
Kalf Nr	HEIM 26 - 31
Geboorte Datum	16-Feb-26
Geslag	M
Gewig	38kg

Baie dankie
Barbara

----- Forwarded message -----

From: <omantumba@iway.na>

Date: Thu, Jul 23, 2026 at 5:21 AM

Subject: RE: Kalf HEIM 26-31

To: Barbara Steenkamp <barbarasteenkamp@gmail.com>

Cc: jacques <steenkamp.jokkie@gmail.com>

Goeie more Barbara!

Het jy die "move to another herd" opsie vir albei die koei en kalf gedoen?
En het hy dir nou reg daar gestoor? So ook die "Generation"?

Hy moet jou dan eintlik toelaat.....

Hoop jy kom reg?

Groete,
Hella

From: Barbara Steenkamp <barbarasteenkamp@gmail.com>
Sent: Wednesday, 22 July 2026 4:34 pm
To: Streicher en Hella Coetzee <omantumba@iway.na>
Cc: jacques <steenkamp.jokkie@gmail.com>
Subject: Kalf HEIM 26-31

Beste Hella

HEIM 23-281 is op 9 Julie 2026 opgeneem as basisdier in ons stoetkudde. Haar Moeder en Vaar is bekend en ons gaan haar sterthare instuur vir Vaderskap bepaling om haar te laat opgradeer.

Weens omstandighede buite ons beheer het ons die jaarlikse inspeksie laasjaar gemis anders sou hierdie vers al n jaar gelede opgeneem gewees het in ons kudde en so ook haar eerste kalf se onlangse geboorte.

Sy het op 16 Februarie 2026 gekalf en die kalf se details is soos hieronder.

Moeder	HEIM 23-281 (34mnde)
Multisire	EFC 19-133, HART 20-01, HMB 22-83, HART 23-73
Kalf Nr	HEIM 26 - 31
Geboorte Datum	16-Feb-26
Geslag	M
Gewig	38kg

Ons nuwe basisdiere is vandag deur Lea gelaai op Logix maar haar kalf se geboorte registreer nog nie. Haar kalf HEIM 26-31 se geboorte details is gelaai op Bengufarm as deel van ons hele kalfseisoen se geboortes (stoet en kommersieel). Ek het die Moeder HEIM 23-281 oorgeplaas via die 'Move to another herd' opsie op Bengufarm maar haar kalf se geboorte is nie gepos na Stamboek saam met die ander stoet geboorte kennisgewings vroeër die jaar nie. Ek het nou probeer via Bengufarm om ons stoetvers se geboorte te registreer maar dit laat my nie toe om die geboorte kennisgewing te stuur na Logix toe nie.

Wat is die prosedure onder hierdie omstandighede om haar kalf se geboorte te registreer as deel van ons kudde nadat sy opgeneem is in die stoet? Moet ek vir Lea 'n epos stuur met die details of moontlik goedkeuring verkry by die raad?

Baie dankie!

Groete

Barbara